

So groot soos 'n olifant; vgl. Vls. *Zoo groot as nen olifant*—dikke, logge persoon (Teirl. 2-311); Hgd. *So gross wie ein Elefant* (Wander 2-147).

Sy hart is so groot soos 'n huis, soos die Unie-geboue (van 'n baie goeðhartige persoon gesê); vgl. sewentiende-eeus:— „De tafel was so groot als de stadt Weesp” (Van Moerk. 354); „in de kamer lag een vat Wijn, wel zoo groot als onze Haag” (Van Moerk. 354).

So groot soos 'n os (van 'n vet mens gesê); vgl. Ndl. *'n Vuur as 'n os* (een groot vuur) (Ndl. Wdb. 3-1511).

GRYS.

So grys soos 'n duif, soos 'n wildekat. Vgl. Vls. *Zoo grijs as 'n duive* (zeer grijs), *as 'n katte* (Teirl. 1-519); Gron. *Gries as 'n doef* (Molema 166); Ndl. *Grijs als eene duif, als vlas, een kater* (Joos 14).

GULSIG.

So gulsig soos 'n wolf, 'n vark, 'n hiëna; vgl. Ndl. *Gulzig als een wolf, een beest, een verken, een hond* (Joos 14).

HAASTIG.

So haastig soos 'n groot maagseer (Bloemfontein, Vredefort, Lindley).

So gejaagd soos die Josie vanself (Springs). Vgl. hfst. 3(k).

So haastig soos 'n haelbui, . . . soos 'n hings. Vgl. Hgd. *Sie laufen alle ihren Lauf wie ein grimmiger Hengst im Streit* (Schrader 57).

„So haastig soos 'n plaasseun wat in die dorp van sy ma af geraak het” (Die Huisg. 24/11/'39).

HARD.

So hard soos 'n klip, 'n klipsteen; vgl. Ndl. *Hard als een steen, een kei, arduin, kassei* (Joos 16); Vls. *Zoo hart as ne steen, as ne kai, as arduin, as marbele* (Teirl. 1-18); Hgd. *Er ist härter als Stein—hart sein wie ein Kieselstein* (Wander 2-365); Lt. „Sit licet et saxo patientior illa . . . durior et . . . saxo” (Otto 310).

So hard soos ebbehout (Bloemfontein); vgl. Ndl. *Hard als 'n berd* (plank, hout) (Joos 16); *Zoo hard als de mast* (bezit geen centen) (N.T.G. 13-137).

So hard soos yster, staal, 'n spyker; ook Ndl. en Vls., vgl. St. 1-321; Eng. *Hard as nails*. „Zijn kop was zoo hard as 'n spijker” (Boefje, bl. 8); „Soo hart assen spijker” (Br.—Spr. Brabander).

So hard soos 'n stuk been; ook Ndl. en Vls., vgl. Joos en Teirlinck.

So hard soos 'n halfkroon (van lekkergoed gesê).

Hy hou hom so hard soos 'n stuk doringdraad (van 'n hoogmoedige of koppige persoon gesê).

HEES.

So hees soos 'n makou (algemeen); so hees soos 'n skaapooi (Vryheid); so hees soos 'n mishoring (Boland); so hees soos 'n ver-liefde kat, 'n hans-kalf (Harrismith). Vgl. Ndl. *Hees als eene kat, eene zaag* (Joos 16).

HELDER.

So helder soos 'n fontein, 'n kristal, sonskyn; vgl. Ndl. *Helder als de fontein, als eene beek, als kristal* (Joos 16); „Soo helder als een son” (van Moerk. 422); Ndl. *Helder als de maan, de zon* (Joos 16); Lt. *Luce (sole) clarior . . . sole clarius*—es ist sonnenklar (Otto 203).

So helder soos more die heeldag (Paarl, Porterville). Vgl. hfst. 1.

HONGER. Vgl. EET.

So honger soos 'n wolf (algemeen); Vgl. Ndd. *Hei heat Hunger as een Wulw* (Eck. 227); Hgd. *Er hungert wie ein Wolf in den Zwölften* (Zeit van 25 Dec. bis zum 6 Januar. In dieser Zeit treibt die gewöhnlich strenge Kalte die Wölfe aus den Wäldern, wo sie keine Nahrung finden, in die Nähe der menschlichen Wohnungen) (Frischb. 126).

So honger soos 'n bees, soos 'n perd; vgl. Ndl. *Een honger als een paard hebben* (Van Dale 1260, Molema 165); „zo'n honger als een peerd” (Bartje, bl. 43).

So honger soos 'n sywurm, soos 'n sprinkaan; vgl. Ndd. *Honger hebben, as en Kirkenmûs* (Eck. 227).

So honger soos 'n koshuis-kind (Pietersburg); . . . soos 'n wilde Boesman (De Aar); . . . soos 'n soldaat. Vgl. Hgd. *Ich habe Hunger wie ein Officier* (Frischb. 126).

So honger soos 'n trapmasjien (wat gedurig gevoer moet word); vgl. Ndd. *So hungerich as 'ne Schmachtlappe* (Eck. 227).

So honger soos 'n eendjie (Utrecht) sal wel weens analogie-werking uit so dors soos 'n eendjie ontstaan het.

HOOG.

So hoog soos die berge, die hemel, die lug, die wolke; ook Ndl. *Hoog als de hemel, de lucht, de wolken, een berg, hoog als de zee*

diep is (Joos 16); onder die Griekwas; **Hôg sôs die wolke** (Rademeyer 106).

So hoog soos 'n kerkoring, soos die toring van Babel; vgl. Ndl. *Hoog als een toren, als .O.L. Vr. Toren van Antwerpen* (Joos 16); *Zoo hoog als de toren van Babel* (St. 1-55). Vgl. hiervoor hfst. 3(g).

HOOGMOEDIG. Vgl. TROTS.

So hoogmoedig soos 'n Boesman met 'n nuwe byltjie (Bloemfontein); so hoogmoedig soos 'n hond met twee sterte (Brits); so hoogmoedig soos 'n kind op sy verjaarsdag. Vgl. Hgd. *Er hat einem Hochmuth wie ein Affe, dem man ein rothes Röcklein angezogen hat* (Wander 2-694).

So hoogmoedig soos 'n kommando pouwyfies; vgl. Ndl. *Hoveerdig als een paauw, de kat van Keizer Karel* (Joos 16).

So hoogmoedig soos die koning se hond (vgl. *Hy verbeel hom hy is die koning se hond se gat*); vgl. Ndl. *Zij is zoo hoovaardig als een juffrouw hondken* (De C.—Gebr. 93).

So hoogmoedig soos 'n opgeblaasde padda. Vgl. Gron. *Zôk vermoaken as 'n pōr op 'n klaikloet*: met zichzelf ingenomen zijn, vrij wat inbeelding hebben (Molema 333), *perijon as 'n pōr op kloeten* (Molema 321); Hgd. *Er geht hochmüthig wie der Frosch im Mondschein* (Wander 3-1203).

INKRUIPERIG.

So inkruiperig soos 'n Jood, . . . soos 'n vlooi.

ISEGRIMMIG.

So isegrimmig soos 'n perdeby, . . . soos 'n oujongnoot. „Fytjie my kind, moenie jou so isegrimmig nes 'n broeishen hou nie” (Von W.—J. Platjie, bl. 138).

JALOERS.

So jaloers soos die duivel op 'n siel; vgl. Ndl. *'t Is zoo'n jaloersche duivel* (op beide geslachten toegepast) (De C.—Vr., bl. 88).

KAAL.

So kaal soos 'n klip, 'n rots; vgl. Ndl. *Naakt als een rots, steen; kaal als een kei* (Joos 17); Vls. *Zoo kaal as ne kai, ne steen* (Teirl. 1-98).

So kaal soos die Kalahari (Fouriesburg).

So kaal soos 'n jaaroud-kuiken se agterwerf (kaalgeskeer) (Paul Roux) vgl. GLAD; so kaal soos 'n klein kalkoentjie, 'n klein voëltjie. Vgl. Gron. *Noakend as 'n swalfke* (zwaluw) (Molema 166).

So kaal soos 'n luis (brandarm); vgl. Ndl. *Kaal als een luis* (Joos 17); Gron. *Koal as 'n loes* (arm) (Molema 166). „So kaal soos 'n neet” (Die Meulenaar, 86).

So kaal soos 'n rot (brandarm); vgl. Ndl. *Zoo kaal als eene rat* (doodarm) (Van Dale 1374); Ndd. *He is so kâl as en Roth* (Ratte) (Eck. 242); sewentiende-eeus:— „En sij siender oock allegaer uit soo kael as een rot” (Van Moerk. bl. 67). Vgl. ook Ndd. *So kâl as 'ne Keärkenméus* (Eck. 242). Kyk ook by Malh. 223.

So kaal soos 'n padda in die water (Bloemfontein); vgl. Ndl. *Naakt als een puut* (Kous.), *zoo naakt als een pier* (Tuinm. 2-235); Vls. *Paddemoedernaakt* (Teirl. 2-369).

So kaal soos my vinger; meer gewoon: so kaal soos my hand (veral in verband met die veld). Vgl. Hgd. *So nackt wie e Pasternack* (Frischb. 191); Ndd. *Se ös kall wie e Pasternak* (Entbehrt das notwendige) (Eck. 242).

So kaal soos Eva, so kaal as wat hy gebore is; vgl. Ndl. *Hij is zoo naakt, als hij van zijn moeders ligchaam gekomen is* (Harreb. 279); Lt. *Nudus tamquam ex matre* (St. 2-33); Fr. *Il est tondu comme un enfant de chœur* (Wander 2-1091).

Hy skeer sy kop so kaal soos 'n Tommie sy perd se stert (Bloemfontein, Winburg).

KALM.

So kalm soos die dood (waarskynlik van doodkalm), vgl. hfst. 2(a).

Die see is so kalm soos 'n meer; vgl. Eng. *As calm as a mill pond*.

So kalm en bedaard soos 'n Frieskoei; so kalm soos 'n trapsuutjies.

So kalm soos 'n regter; vgl. Eng. *As sober as a judge, as calm as the mind of a nun*.

So kalm (koel) soos 'n komkommer (Paarl, Porterville); onder invloed van Engels ontstaan, vgl. *As cool as cucumber*.

KLEIN.

So klein soos 'n tingtinkie (algemeen), . . . soos 'n muggie, . . . soos 'n mier; vgl. Ndl. *Klein als een mier, als zand* (Joos 17); Vls. *Klein as 'n miere, e muiske* (Teirl. 1-141).

So klein soos 'n pikkewyn (deur rymdwang tot stand gekom, vgl. hfst. 2(b)(ii)).

So klein soos 'n vetergat; so klein soos 'n speld se kop; vgl. Ndl. *Groot als een speldekop* (klein) (Joos 15); Vls. *Zoo klein as e zoodse* (zaadje), *as ne spellekop* (Teirl. 1-141).

So klein soos 'n dwergie, soos 'n feetjie; vgl. Ndl. en Vls. *Klein as een kaboutermanneken* (Joos en Teirlinck).

So klein soos die swart van jou nael; „Als ik in die huis nog een stukkie kry, so groot so's die swart van jou na'el, . . .” (Die Brandw. 1910-157). Vgl. Malh., bl. 326.

In plat taal: So klein soos 'n vlooi se poephol.

KOPPIG.

So koppig soos 'n donkie, 'n esel, 'n muil; vgl. Ndl. *Koppig als een ezel, eene klokken* (Joos 17); Hgd. *Halsstarrig wie ein polnisch pferd* (Sandvoss 45), *Hartnäckig wie ein Esel* (Ital. *Testardo come un asino*) (Lipperh. 374).

So koppig soos 'n vroumens, . . . soos 'n Hollander.

KOPSKU.

So kopsku soos 'n waterkardonkie (Bloemfontein, Pietersburg).

KORT.

Sy verstand is so kort soos sy hare; sy humeur is so kort soos sy vingernaels. Vgl. Ndl. *Zijn adem is zoo kort als een pijpsteel* (Joos 17).

KOUD.

So koud soos ys (algemeen); vgl. Lt. *Metu frigidior rigente bruma*, kalt wie Eis (Otto 59); Ndd. *So kold asse Eis* (Eck. 244); ook Ndl., Vls., Eng. ens. Onder die Griekwas: *Sô koud sôs ys* (Rademeyer 106).

So koud soos 'n klip, soos 'n grafsteen, soos marmer, soos 'n yskas, soos die Noordpool; vgl. Ndl. *Koud als marmer, glas* (Joos 17); Gron. *Kold as 'n stijn* (verklemd zijn) (Molema 166); Fr. *Plus froid que marbre* (Wander 2-1119).

So koud soos 'n padda, 'n slang, 'n vis; vgl. Ndl. *Zo koud as 'n kikker* (Boeken. 431), *zoo koud as 'en kikkerkontje op 'en koolblad* (zeer koud) (Boeken. 1331); Gron. *Kolt as 'n Kikker* (Molema 166); Ndl. *Zoo koud als een borje* (Boeken. 502); Ndd. *So kold as 'n Pogge* (Eck. 244); Hgd. *Kalt wie der Olm* (Salamander), *Kolt wie Fisch* (Wander 2-1118); Fr. *Plus froid que la salamandre*; Lt. *Frigidior salamandra* (Wander 2-1118).

So koud soos 'n hond se neus (Springs, Pretoria); vgl. Ndl. *Zo koud als een hondeneus* (Taal en Letteren 9-223); Hgd. *Kalt wie eine Hundsnase* (Wander 2-1119).

So koud soos 'n spook (Bloemfontein); . . . soos 'n spook in 'n wintersnag (Parys).

KROES.

Kroes hare soos 'n bastermeid; sy hare is so kroes soos 'n besem; vgl. Ndd. *Sün Häre sünd so Kräs als ên Besenstêl* (Eck. 178). Kyk ook by **HARE**.

KROM. Vgl. ook SKEEF.

So krom soos 'n hoepel, 'n sekel (vgl. die perd loop sekelnek); vgl. Ndl. *Hij is zoo krom als een zicht* (zeer misvormd) (Welters 117), . . . *als eene zeisen, zichel* (Joos 17).

So-krom soos 'n boog, . . . soos 'n strykstok; vgl. Ndl. *Krom als een boog, een haak, pikhaak, pik* (Joos 17); Ndd. *So krumm as en Flitsenbuagen, as ne Wiedlanke* (Weidenschlinge) (Eck. 294); Hgd. *Er ist krumm* (auch: biegt sich) *wie ein Fiedelbogen* (Frischb. 156), *so krumm as en Potthaken* (Wander 2-1647).

So krom soos 'n vraagteken; vgl. Ndl. *Krom als eene zêta (z), eene s* (Joos 17).

So krom soos 'n bergpad; vgl. Ndd. *Dat geit so lik* (gleich) *as de Weg nâ Bremen* (Krumm und Schief) (Eck. 145).

So krom soos 'n piesang (Pietersburg); so krom soos 'n hond se agterbeen (Bloemfontein, Paul Roux, Bethulie); so krom soos 'n duig (Vryheid). Kyk vir laasgenoemde by hfst. 3(j).

KUIS.

So kuis soos Josef (algemeen); vgl. Lt. *Docta vel Hippolytum Veneri mollire negantem*; . . . *castior Hippolyto* . . .; Wir sagen: Keusch wie Joseph (Otto).

KWAAD (vgl. BOOS).

So kwaad soos 'n bees; vgl. Ndl. *Kwaad als een beest* (Kous.).

So kwaad soos 'n kalkoen; vgl. Ndl. *Kwaad als een kalkoen, een haan, eene hen, eene musch* (Joos 17); Gron. *Kwoad as 'n koelder* (Molema 166). Kyk verder by Stoett 2-296.

So kwaad (kwaai) soos 'n perdeby; vgl. Ndl. *Kwaad als een Horzel* (Joos 17); Vls. *Zoo kaad as ne fluitenier* (wesp) (Teirl. 1-96); Eng. *As mad as a hornet*.

So kwaad soos 'n gekweste tierwyfie; vgl. Fri. *Kwaad as in Tiger* (St. 2-296); Ndl. *Briesend gelijk een leeuw* (van gramme personen) (Joos 17); Eng. *As cross as a bear*.

„Hy was so kwaad as 'n geelslang” (O.K. 10-12).

So kwaad soos 'n klei-os (Zastron, Reddersburg, Bloemfontein). Vgl. hfst. 1.

So kwaad as die duiwel (kyk by **KWAAI**).

KWAAI.

So kwaai soos 'n leeu, 'n tierwyfie; „Kwaai nes 'n tier” (O.K. 1-152).

So. kwaai soos 'n koperkapel, soos 'n geitjie, soos 'n bloukop-koggelmander; by Bredero telkens: *so quaat as en baers*.

„Hy is so wys soos 'n kolmol” (O.K. 1-169).

So kwaai soos 'n haai (Bloemfontein) (deur rymdwang tot stand gekom).

So kwaai soos 'n spinnekop; „Die twee bly stil als klippe en so kwaai als spinnekoppe” (Die Brandw. 1911, bl. 409). Vgl. Ndl. *Nijdig als een spin*; Gron. *Kwoad as 'n spin* (Molema 166); sewentiende-eeus:— „k ben zoo quaat as een spin” (Van Moerk., bl. 355).

So kwaai soos die duiwel; vgl. Vls. *Zoo kaad as nen duvele, as nen helschen duvele, as ne gestampten duvele, as ne gloeiende duvele* (Teirl. 1-96).

So kwaai soos 'n Duitser (Bultfontein); so kwaai (warm) soos 'n oorlaaide essie (Bloemfontein).

LAAG.

So laag soos die grond; in plat taal: so laag soos 'n slang se gat (Moorreesburg).

LANK.

So lank en skraal soos 'n telegraafpaal (Stellenbosch, Paarl, Porterville); Sy gesig is so lank soos sewe telegraafpale (Bothaville).

So lank en skraal soos 'n spaansriet (Vryburg); so lank soos 'n sweepstok (algemeen). Vgl. Ndl. *Lang als een mast* (Joos 18); Hgd. *So lang wie eine Bohnenstange, er ist lang wie e Latte* (Wander 2-1783).

„So lank soos 'n sweepstok en so maer as 'n riem” (Die Huisg. 1/12/'39).

So lank soos 'n straat (Bloemfontein); vgl. Hgd. *Dat is so lang as van Bornhörd na Dalldörp* (Wander 2-1784—dit is nl. 'n treurige pad van een myl lank).

So lank soos 'n reus; vgl. Ndl. *Lang als een reus, een kurassier* (Joos 18).

So lank soos psalm 119 (algemeen); so lank soos Saul. Kyk hiervoor by hfst. 3(g).

LASTIG.

So lastig soos 'n broeis brommer (Springbok), . . . soos 'n brommer onder 'n skaap se stert (Zastron), . . . soos 'n brommer (Pietersburg).

So lastig soos vlieë op 'n hond se seer, soos 'n nat vlieg (Rosendal); . . . soos Aprilmaand se gatvlieë (Bloemfontein, Swellendam en omstreke); . . . soos 'n vlieg met steekbaard (Springs); . . . soos Aprilmaand se vlieë (Worcester); . . . soos 'n hansvlieg (Springbok, Heidelberg Tvl.); . . . soos 'n kaffervlieg, 'n perdevlieg, 'n gatvlieg (Zeerust); . . . soos 'n Aprilvlieg (Laingsburg); . . . soos 'n winter-vlieg, 'n blindevlieg (Heidelberg K.P.) . . . soos 'n perdevlieg onder 'n hond se stert (Stormberg); . . . soos 'n stalvlieg, 'n vlieg in die reëntyd (Heidelberg Tvl.)

So lastig soos 'n vlooi in 'n man se broek (Rosendal, Vryheid); . . . soos 'n vlooi onder 'n mens se klere (Bloemfontein, Marquard); . . . soos 'n vlooi in 'n velbroek (Brits, Zeerust, Klerksdorp, Springs); . . . soos 'n vlooi in 'n velkombers (Ermelo); . . . soos 'n vlooi in 'n woljas (Springs, Bethal).

So lastig soos 'n hansvlooi, 'n wintersvlooi (Zastron); . . . soos 'n gatvlooi (baie bekend in Lichtenburg se wêreld).

So lastig soos 'n luis (Bultfontein); . . . soos 'n blou bosluis aan 'n rooi koei (Volksrust).

So lastig soos 'n koringkriek (Dealesville); . . . soos 'n kwêvoël (Kroonstad).

So lastig soos 'n rooimier (Vryheid, Somerset-Oos); . . . soos 'n muskiet (Ermelo); . . . soos 'n perdeby (Bloemfontein); . . . soos papies in 'n perd (Lindley).

So lastig soos klitsgras (Louis Trichardt); . . . soos ou vel-skoene (Moorreesburg); . . . soos 'n dubbeltjie in 'n velskoen (Von W.—Ons Geselst. bl. 165) (Namakwaland).

So lastig soos 'n hanslam (Witbank); . . . soos 'n weglêhen (Springs); . . . soos 'n muis in die nag (Pietersburg); . . . soos 'n klomp brakkies (Ficksburg).

So lastig soos 'n stout kind oor lekkergoed (Laingsburg); . . . soos more die heeldag (Petrusburg), vgl. hfst. 1.

So lastig soos my geld (Chrissiesmeer, Kroonstad, Springs); ook bekend: Jy pla my meer as my geld. Vgl. Gron. *Doe plaagst*

nie meer as mien geld, schertzend en vooral tegen kinderen; *gij zigt lastig* (Molema 118).

LEEG.

So leeg soos 'n eierdop; vgl. Ndl. „Het kafé was zo leeg als een uitgeblazen eierschaal” (De Vooys).

So leeg soos die kerk op 'n weeksdag; vgl. Hgd. *Leer wie in einer Kirche* (Wander 2-1876).

So leeg soos 'n vat; onder invloed van Engels ontstaan, vgl. *as empty as a barrel*.

So leeg soos 'n brandewynbottel in 'n kafferstroois; in plat taal: so leeg soos 'n kasteroliemaag.

LELIK.

So lelik soos Donderdagaand op 'n kruiwa (baie algemeen, vgl. o.a. Laingsburg, Springbok, Brits, Marico, Zeerust, Christiana, Louis Trichardt, Bloemfontein, Reddersburg); . . . soos Donderdagaand op 'n mikstok (Laingsburg); . . . soos Donderdagaand op 'n warm yster (Bloemfontein); . . . soos 'n Donderdag op 'n mikstok (Ladysmith).

So lelik soos op Donderdag (Zastron); . . . soos Donderdagaand (Adelaide); . . . soos Donderdag om twaalfuur as daar maansverduistering is (Kranskop); . . . so lelik soos kwart-oor-twaalf (Erme-lo); . . . soos Donderdag om twaalfuur (Stormberg, Adelaide, onder die Boere in Argentinië).

(In al hierdie gevalle is die vergelyking vermoedelik 'n verbloeming van so lelik soos die duivel met as uitgangspunt die volksgeloof dat die duivel hom aan sy volgelinge op Donderdagnag om twaalfuur in sy mees afskuwekkende gedaante vertoon. Vgl. hfst. 3(k)).

So lelik soos die duivel; . . . soos die Joos (Pietersburg); . . . soos die duivel se oorkussing (Springbok). „ . . . afskuwelik soos die duivel” (De Waal, Vers. Werke 6-44).

So lelik soos die dood; vgl. Vls. *Zoo leelek as de dood* (Teirl. 1-204).

So lelik soos 'n heks, soos 'n spook; vgl. Ndl. *Leelijk als een oud wijf* (Joos 18), *zoo leelijk als een spook* (De C.—Vr. bl. 207); Vls. *Leelek as 'n hekse* (Teirl. 1-204).

So lelik soos 'n pienk krismissog (Paul Roux); . . . soos 'n sewesydigie sprinkaan (Springbok); . . . soos 'n gorilla (Bloemfontein, Hoopstad); . . . soos 'n muis wat onder 'n munisipaliteitsrecler beland het (Pietersburg); . . . soos 'n uil (Springbok).

So lelik soos die bobbejaan se slaapplek (Westelike Provinsie); . . . soos die bobbejaan se sitplek (Bloemfontein, Luckhoff).

So lelik soos 'n broeis brommer, soos 'n luis (Springbok); vgl. Fr. *Il est laid comme un pou* (Wander 2-384).

So lelik soos tant Koek se hoenderhaan (baie algemeen, o.a. Vryheid, Springs, Cathcart, Adelaide, Witbank, Dewetsdorp, Bloemfontein, de hele Boland ens.); afgelei van 'n Stellenbosche studenteliedjie, vgl. hfst. 1.

So lelik soos 'n klipskrik (Springbok); die vergelyking is nie duidelik nie, tensy hiermee bedoel word 'n klipsalmander (wat op 'n klip sit en geweldig skrik as hy 'n mens gewaar). Pettman noem behalwe klipsalmander ook klipneuker (bl. 266).

So lelik soos 'n brulpadda; vgl. *Er ist so hässlich wie die Kröte*; Fr. *C'est un vilain crapaud* (Wander 2-384), *laide comme un crapaud* (De Cock—Vr., bl. 218).

So lelik soos die nag (baie algemeen); vgl. Ndl. *Leelijk als de nacht* (Harreb. 2-116, Ndl. Wdb. 9-11); Hgd. *Er ist hässlich wie die Nacht* (Wander 2-384).

In ander tale bekend, maar sover nagegaan kon word in Afrikaans ongewoon is Ndl. *Zij is zoo leelijk als een doodzonde* (Joos 18); vgl. Eng. *Ugly as sin*; Fr. *Laide comme le péché (les sept péchés)* (De C., Vr.—209).

So lelik soos 'n weerwolf; . . . soos 'n vratjie op 'n roesbesmeerde kombuismeid se neus (Pietersburg); . . . soos 'n vuurmaakplek (Louis Trichardt); . . . soos 'n dubbeldoor (Pietersburg); . . . soos more die heeldag (Somerset-Oos).

So lelik soos 'n wildewragtig (baie algemeen); . . . soos 'n wildewragtig op 'n ploegskaar, 'n klippaal (Paul Roux); . . . soos 'n wildewragtig op 'n sweepstok, 'n mikstok (Vryheid); . . . soos 'n wildewragtig op 'n afdraend, op skarnierbene, spykerbene (Heilbron). Kyk vir die begripsinhoud en gevoelswaarde van wilde-wragtig by hfst. 1.

LEWENDIG.

So lewendig soos 'n stalperd, soos 'n vis; „So lewendig en wakker as 'n geel finkie wat met syn voetjies in die nessie hang en 'n vrolike liedjie sing” (O.K. 10-12).

So lewendig soos 'n kool vuur, soos kwiksilwer, soos 'n miernes, 'n byekorf; vgl. Ndl. . . . *als kwiksilver, bloed, in een biënkorf* (Joos 18).

LIG.

So lig soos 'n veer (algemeen); vgl. Ndl. *Licht als eene veder, eene pluim, strooi* (Joos 18); Ndd. *So licht as 'ne Feër* (Feder) (Eck.).

So lig soos 'n droë spons (Vrede); vgl. Ndl. *Locht als een spons* (Welters 114).

So lig soos 'n muggie; vgl. Ndd. *So licht as 'n Flogg, so licht as 'n ul* (Eule) (Eck.).

So lig soos 'n herfsblaar; vgl. Lt. „*Verba puellarum foliis leviora caducis*” (Otto 140).

So lig soos rook, soos 'n sneeuvlökkie; vgl. Fr. *Légier comme la fumée, comme la pluie, la nue* (Wander 3-14).

LISTIG (vgl. ook SKELM).

So listig soos 'n slang, soos die duiwel (algemeen); ook Ndl. vgl. Joos 18.

So listig soos 'n jakhals; . . . soos 'n afpoot-jakhals, 'n driepoot-jakkals (Heilbron). Vgl. Hgd. *Listig wie ein Fuchs* (Sandv. 17) (baie algemeen).

So listig soos 'n aap; vgl. Eng. *As artful as a wagonload of monkeys*; Fr. *Malin comme une vieux singe* (Wander 3-200); sewentiende-eeus: „Al waar hij loser dan een schodt vol simmen” (Van Moerk. 1-174).

LOGIES.

So logies soos 'n vrou se ‚almiskie’ (algemeen, bv. Petrus Steyn, Springs, Laingsburg, Bultfontein ens.).

So min logika as 'n hoenderhen, as 'n dronk muskiet (Heilbron).

LOMP.

So lomp soos 'n olifant, 'n seekoei, 'n esel, 'n vark; vgl. Ndl. *Lomp als een boer, olifant, ezel, verken* (Joos 17); Vls. *Zoo lomp as 'n beeste, 'n koe, e kalf, nen osse, nen ezele* (Teirl. 1-218).

So lomp soos 'n aap met hoëhak-skoene aan (Trompsburg); so lomp soos 'n pikkewyn wat liddorings het; vgl. Ndl. *Lomp als een uil* (St. 2-377).

So lomp soos 'n wa sonder disselboom (Bloëfontein); . . . soos 'n trekker wat 'n rot probeer vang.

LUI (vgl. ook STADIG).

So lui soos 'n donkie, 'n esel, 'n vark, 'n agteros; vgl. Ndl. *Lui als een verken, 'n esel* (Joos 18); Gron. *Lui als 'n zwien* (Bergsma 21).

So lui soos 'n trapsoetjies, 'n skilpad; „so lui as 'n trapsoetjies op 'n takkie” (Ampie, bl. 202). Vgl. Ndl. *Lui als eene slek, eene pad, eene schilpad* (Joos 18); *zij is als een zwaan in het nest, of: als een broedende zwaan* (heel lui) (De C.—Vr. bl. 77).

So lui soos 'n Hotnot, 'n daggaroker.

Sewentiende-eeus:— „Zo lui als een Stads Metzelaar” (Van Moerk. bl. 578).

MAER. Kyk ook by DUN.

So maer soos 'n kraai (algemeen); . . . soos 'n reier; . . . soos 'n Hantamskraai (Kroonstad). Vgl. Ndl. *Mager als een kraai, een ooievaar, een reiger, een sperwer* (Joos 18), *zoo mager als een spreekw* (Welters 116).

So maer soos 'n sprinkaan (algemeen); vgl. Ndl. *Mager als een sprinkhaan* (Kous).

So maer soos 'n siek meerkat; vgl. Hgd. *Mager wie ein Wieselchen*; Provençaals: *Tira coume uno mousteleto* (Elsbet Schott, bl. 16).

So maer soos 'n windhond, 'n kafferhond; onder die Boere in Argentinië: so maer soos 'n brandhond. Vgl. Ndd. *So mager as en Ruien* (Hund) (Eck. 340).

So maer soos 'n siek weeluis; vgl. Ndl. *Mager als een luis* (St. 2-3); Hgd. *Er ist so mager wie eine Wanze* (eine Laus) (Wander 3-337).

So maer soos 'n graat, 'n gees, 'n geraamte; . . . soos 'n geraamte met 'n vel oor (Paarl, Porterville). Vgl. Ndl. *Zoo mager als een graat* (Welters 115); Ndd. *He is so mager as en Riff* (Gerippe) (Eck. 340). Vgl. ook Ndl. *Zo mager as 'te memento mori'* (naar het onderschrift van de doodskop) (De V.—Verz. Opst. 2-187).

So maer soos 'n stok, 'n riet (Paarl, Porterville, Theunissen); vgl. Ndl. *Mager als een stok* (Joos 18), *hij is zoo dun als strooi* (mager en tenger) (Welters 117); Gron. *Moager as 'n lat* (Molema 166); Eng. *Lean as a rake*; Ndd. *He is so mager as 'n Stück Holt, mager wie e Bohnenstang* (Eck. 340); „zoo mager als houten” (Het Donkre Licht, bl. 93).

So maer soos 'n vuurhoutjie; vgl. Ndl. *Zoo mager als een zwavelstok, een lucifer* (De V.—Verz. Opst. 2-188), *hij is zoo vet als een pijpsteel* (mager) (Welters 94).

So dun (maer) soos papier; vgl. Ndl. „Hij werd zoo mager als een velletje postpapier” (W. Buning, bl. 100—De Vooy's).

So maer soos 'n erdwurm, 'n sywurm; vgl. Ndl. *Zoo mager als een pier* (Welters 118); Vls. *Zoo mager as ne puid* (Teirl. 2-421); Gron. *Moager as 'n roep* (rups) (Molema 166).

So maer soos 'n riem (algemeen).

Volgens Rademeyer (bl. 106) is onder die Griekwas bekend: Sô maer sôs ou koei.

MAK.

So mak soos 'n lam, 'n skaap; . . . soos 'n skoolperd. Vgl. Ndl. *Zoo mak als een schaap* (St. 1-347), *als een kuiken* (St. 2-3); Gron. *Mak as 'n hen* (Molema 166); Ndd. *Nett so mack as 'n Schâp* (Eck. 338); Eng. *As meek as a lamb*.

So mak soos 'n mamba (ironies) (Bloemfontein).

MAKLIK.

So maklik soos tert eet; vgl. Ndl. *'t Is koekjes hakken* (het gaat even gemakkelijk als het hakken van koek) (Boeken. 477).

So maklik soos botter en brood; onder Engelse invloed ontstaan, vgl. Eng. *As easy as eating bread and butter*.

So maklik soos water drink; vgl. Ndl. *Hij spreekt Fransch als water* (maklik en goed) (Welters 90).

So maklik as wat 'n reier 'n padda insluk (Wesselsbron); vgl. iets soortgelijks in Ndd. *He slucht as de Stork de Poggen* (Eck. 463).

So maklik soos botter met 'n warm mes sny; vgl. Ndl. *Dit gaat er door gelijk het mes door de boter* (zacht, gemakkelijk) (Joos 14).

So maklik soos die A.B.C. (ook Nederlands).

(Lt. *occidebat tam facile homines, quam canis adsidit*—so leicht, wie ein Hund pisst) (Otto 7). (Fr. *simple comme bonjour*).

Ironiese is die volgende: So maklik soos sterre tel; so maklik as wat 'n vark sy eie stert kan byt; so maklik soos water in 'n mandjie skep.

In plat taal: sò maklik as om jou eie gat te lek; vgl. Ndl. *Gemakkelijk als aan uwe eigene ooren lekken* (Joos 15).

Lt. *Tam facile vinces, quam pirum volpes comest*, so leicht, wie ein Fuchs eine Birne frisst (Otto 379).

MAL.

So mal soos 'n haas (in 'n lap ertjies) (Lichtenburg, Louis Trichardt, Witbank); so mal soos 'n rooihaas (Wesselsbron); so mal soos 'n kolhaas (baie bekend, o.a. Bloemfontein, Adelaide, Fort Beaufort, Zastron, Dewetsdorp ens.; ook onder die Boere in Argentinië); vgl. Ndd. *So geck sin as en Kniën* (Kaninchen) (Eck.). In hierdie geval sal Engelse invloed wel oorwegend gewees het, vgl. Eng. *As mad as a March hare* (baie bekend) en kyk ook by hfst. 4.

So mal soos 'n dronk hoender (Carolina); . . . soos 'n verwilderde hoender (Paarl, Porterville); . . . soos 'n hoender (Bloemfontein, onder die Boere in Argentinië); vgl. Afr. *Jou mal hoender!*; Ndl. *Gij zijt een kiekeu* (een zot kiekeu) — tegen iemand gezegd die bijna altijd lacht (Stoett).

So mal soos 'n mossie (uitgelate); so mal soos 'n gans (onder die Boere in Argentinië); vgl. Ndl. *Sot als een musch* (Joos 26).

So mal soos 'n mot (Vrede, Arlington, Petrus Steyn, Bloemfontein); vgl. Vls. *Zoo zot als een piepel* (vlinder) (St. 2-309).

„Hy lyk vris en is nog net zoo een malle mot als van te vore (Volksbl. 14 Jul. 1870). Vgl: Mansv. p. 101 mallelot, motby'— soort

van wesp—grappige doch ook verwaande kerel ('n maltrap)" (J. du p. S. in T.W.K. 14-22).

„Hy is ook net een malle mot om spietse te maak, ek meen op-hou is by hom min (Volksbl. 23 Okt. 1885)" (J. du P. Sch. in T.W.K. 14-191).

So mal soos 'n padda in die maanskyn; vgl. Ndd. *He geit as ên Pogge in Mânschin* (als geck) (Eck. 411).

So mal soos een wat 'n klap van die windmeul weg het (Paarl, Porterville); so mial soos 'n maljannetjie (Springbok).

MOEG.

So moeg soos 'n hond (algemeen); vgl. Ndl. *Moe als een hond* (Kous., Joos 19); Ndd. *Möde as 'n Hund* (Eck. 371); Hgd. *Müde wie ein Hund* (von den Jagdhunden entlehnt) (Wander 3-747); „Ik ben ja zo moe as een hond" (Bartjie, bl. 22).

So moeg soos 'n hond wat 'n haas gevang het; vgl. Hgd. *So müde wie ein Hund, der den Tag über gejagt hat* (Wander 3-747).

So flou (moeg) soos 'n perd; vgl. Ndl. *Moeg als een koetspeerd, een mosselppeerd* (Joos 19); Ndd. *So mâü 'n as en Péärd* (Eck. 371).

So moeg soos 'n os, 'n trekos, 'n agteros; vgl. Ndl. „'k Ben zoo moe als 'n os" (Cremer—Overbet. Nov. en Vert., bl. 28—De Vooys).

So moeg soos 'n padwerker (Lindley); vgl. Ndl. *Moeg als een afgewerkte boer* (Joos 19).

So moeg soos 'n gekweste bok (taamlik algemeen).

MOOI.

So mooi soos 'n bruid; vgl. Ndd. *De is nett so moj as 'n Bären-brüt* (Geschmacklos gekleidet) (Eck. 367); Ndl. *Schoon als een engel, eene koningskroon* (Joos 21).

So mooi soos 'n prentjie; onder Engelse invloed ontstaan, vgl. Eng. *As pretty as a picture*.

So mooi soos Appollo vanself; so mooi soos Rut op die koring-land (Bloemfontein, Excelsior). Vgl. hfst. 3(g).

So mooi soos die dag (Paarl, Porterville); vgl. Fr. *Elle est belle comme le jour* (Wander 4-318). Hiervan kan moeilik afgelei word dat daar enige verband tussen die Afrikaanse en Franse vergelyking moet bestaan. Veel eerder kan dit beskou word as 'n kontrasvorm van die oorbekende: so lelik soos die nag. Vgl. hfst. 2(b)(iii).

So mooi soos 'n malva (Stellenbosch, Bloemfontein, Parys), dikwels in die negatiewe vorm: Hy is nou nie juis 'n malva van mooihed nie. Vgl. Ndl. *Schoon als een bloem, eene roos* (Joos 21).

NAT.

So nat soos 'n kat (algemeen), vgl. Malh., bl. 230; Ndl. *Hij is zoo nat als een poedel of kat* (Welters 96); Hgd. *Nass wie eine gebadete Katze* (Sandv. 42, Wander 3-966); Ndd. *He is so natt as êne Klatterkat* (Eck. 384).

So nat soos 'n hond se neus, soos 'n waterhond; vgl. Ndl. *Nat als een waterhond* (Joos 18); Ndd. *Natt as een Pudelhund* (Eck. 783); Hgd. *Nass wie ein begossener Pudel* (Sandv. 42); Lt. *Et omnes redebant udi tamquam mures*, nass wie gebadete Katzen, wie Pudel (Otto 233).

So nat soos 'n vis (lêkkerlyf, dronk), 'n padda; vgl. „so nat as 'n padda" (O.K. 3-114); Ndl. *Nat als een visch, als water* (Joos 19).

So nat soos kapok, soos sneeu; so nat soos die see (dronk).

So nat soos 'n klei-os se gat (Bloemfontein), vgl. hfst. 1.

So nat soos 'n hoender (Paul Roux); vgl. lyk soos 'n natgereende hoender.

NA (NABY).

So na as „demmit" aan vloek (Bloemfontein, Springbok, Rouxville); so naby soos die dagbreek aan die more (Brits). Kyk origins by VER.

NIETIG.

So nietig soos 'n wurm (algemeen), soos 'n luis, 'n vlooi; die Kaffer sê:— „Ek is maar soos een van die luise in die koning se kombers" (baie nietig) (Die Huisg. 22/7/'38).

NODIG.

So nodig soos jou daaglikse brood, soos water; vgl. Ndl. *Zoo noodig als brood* (St. 2-554); Hgd. *Man braucht es wie täglich Brôt* (Frischb. 34).

So nodig (onontbeerlik) soos sout in die kos (Villiers); so nodig soos wyn op 'n bruilof (Kopjes); vgl. Ndl. *Dat is mij zoo noodig als den visch den water* (Joos 19); Hgd. *Er hat es so nöthig, wie der Lahme die Krücken* (Wander 3-1063).

NORS.

So nors soos 'n buffel (algemeen), soos 'n wildebeesbul, 'n renosterbul; vgl. Ndl. *Boere-karhengst* (plomp, onwellevend persoon) (Boeken. 82).

Sewentiende-eeus:— „Wel schaam je jou niet, Buffel" (Van Moerk. bl. 558).

NOU.

So nou soos 'n nuwe onderbaadjie (Bloemfontein, Excelsior);
so nou soos 'n naafband (Winburg).

So nou soos 'n gang (Heidelberg).

NUGTER.

So nugter soos 'n predikant; vgl. Eng. *As sober as a judge, a parson.*

„So nugter soos 'n bankbestuurder" (De W.—Vers. Werke 6-47).

So nugter soos 'n koue stortbad (vgl. hfst. 1).

NUKKERIG (Kyk by NORS).

So nukkerig soos 'n wildebeesbul (vgl. NORS); . . . soos 'n hond aan 'n ketting (Lindley). Vgl. Ndl. *Narrig* (knorrig) as 'n swien (Molema 166).

So nukkerig soos 'n onderwyser wat verkoue het; . . . soos 'n koster wat 'n hond uit die kerk jaag.

NUTTELOOS.

So nutteloos as die skuim op 'n pot bier (Bloemfontein), soos kaf in die wind.

NUUSKIERIG.

So nuuskierig soos 'n aap (algemeen); vgl. Ndl. *Nieuwsgierig als een aap* (Joos 19); Duits: *Hi as so neisjirrag üüs an ab* (Affe) (Wander 3-1009); Gron. *Zoo neisgierig wezen as 'n hond mit 'n gloazen gat*; wordt spottend gezegd van iemand die overal naar vraagt (Molema 278); in Twente: *Zoo ni-jsgierig as ne hen met 'n glazen gat* (Onze Taaltuin 3-28).

So nuuskierig soos 'n vlooi; vgl. Ndd. *Ha is so nüscherig as de Schwinslūs, de sticht, 'n Oars in 't End* (Eck. 386); Lt. *Musca est meus pater, nil potest clam illum haberi*, ist neugierig wie eine Mücke (zudringlich: lastig) (Otto 236).

So nuuskierig soos 'n meerkat (wat gedurig regop sit om die wêreld rondom hom te betrag) (Vryburg); vgl. Fr. *Curieux comme une belette* (Elsbet Schott).

So nuuskierig soos 'n kind (algemeen); ook Nederlands, vgl. Joos, bl. 19.

NUUT.

So nuut soos 'n nuwe sikspens (algemeen); so nuut soos 'n verloofring. (Vgl. lyk soos 'n nuwe sikspens—besonder netjies gekleed).

„Jy lyk nou weer spiksplinternuut soos Lord Selborne” (Op V. en Rande, bl. 99).

ONAFHANKLIK.

So onafhanklik soos 'n boer op sy plaas (algemeen); . . . soos 'n kat (Engelse invloed, vgl. *As independent as a cat*).

ONGEDULDIG.

So ongeduldig soos 'n reisiesperd, soos 'n jongos, soos 'n oujerg-nooi.

„So ongeduldig as 'n jongos wat uit die juk wil” (Die Brandw. 1910, bl. 155).

ONHANTEERBAAR.

So onhanteerbaar soos doringdraad (in verband met mense of diere gebruik) (Bloemfontein, Wepener).

ONMOONTLIK.

Net so onmoontlik as wat jy met jou hand aan die hemel kan raak; vgl. Ndl. *Onmogelijk als met de handen aan den hemel of aan de lucht te reiken* (Joos 19).

So onmoontlik as wat 'n kameel deur 'n naald se oog kan gaan (Stormberg, Paarl, Porterville). Vgl. hfst. 3(g).

so onmoontlik as wat 'n brommer 'n volstruiseier kan uitbroei (Bloemfontein, Reitz); . . . as wat 'n makou hoendereiers kan lê, as wat 'n haas kwarteleiers kan lê (Carolina); . . . as wat 'n muggie 'n volstruiseier kan lê (Dewetsdorp). Vgl. Hgd. *Wenn die Mücke ein Hühnerei legen will, ist's ihr Tod, dass eine Mücke soll husten wie ein Pferd, ist unmöglich* (Seiler 163).

So onmoontlik as om water met 'n sif te skep, as om bloed uit 'n klip te tap.

So onmoontlik as om winter en somer te verander; „'n Mens kan net sowel probeer om winter en somer te verander as om haar nou 'n gat in die kop te praat” (Ampie, bl. 73).

So onmoontlik as om 'n muggie met 'n remkötting vas te bind, as om te lag wanneer jy huil, as wat 'n Franse koei Spaans kan bulk (Springbok).

So onmoontlik as om perskes (pere) van 'n vyeboom te pluk; vgl. Ndl. *Dat zal je evenmin lukken als dat je van een noteboom peren plukt* (Overdiep, bl. 63).

So onmoontlik as om water te sny; vgl. Ndl. *Onmogelijk als naar omhoog te vallen, water te knopen, als spek te vinden in een hondekot* (Joos 19).

ONNOSEL.

So onnosel soos 'n baar kaffer, soos 'n klip (baie algemeen).

So onnosel soos 'n skaap, 'n vark; vgl. *Wer nid gelehrt het, muess Söu (Säue) hüete* (Schweiz) (Lipperh. 524).

So onnosel soos 'n uil; vgl. sewentiende-eeus:— „Jou rechte mallen uil” (Van Moerk. 333).

In plat taal: So onnosel soos my gat; vgl. Ndl. *Hij is zo bot als mijn elleboog* (dit zal verbloemt zijn, gelijk in, kus mijn elleboog. Men hoort dat op andere wijze wel onhebbeliker, en dus zegt men ook: zo bot als 't achtereinde van een verken) (Tuinm. 322). Kyk ook by **DOM**.

ONSKULDIG.

So onskuldig soos 'n kind, 'n duif; vgl. Ndl. *Onskuldig als een pas-geboren kind, als eene duif* (Joos 19).

ONTYDIG.

So ontydig soos 'n Januarie-ryp (Ladysmith, Heilbron, Theunissen).

So ontydig soos 'n predikant, soos die inkomstebelasting.

ONVERWAGS. Kyk ook by SKIELIK.

So onverwags soos 'n blits uit die blou hemel; vgl. *Wie ein blitz aus heitrer luft* (Sandv. 8).

OORBODIG.

So oorbodig soos 'n bril vir 'n blinde; . . . soos 'n vark in 'n sinagoge (kyk by **WELKOM**); . . . soos 'n vyfde wiel aan 'n wa, soos 'n orige jukskei. Vgl. hfst. 3(c).

„Wat help dit om dorp-toe te gaan sonder geld? Jy is orals soos 'n orige jukskei” (Somer, bl. 97).

OPGEBLAAS.

So opgeblaas soos 'n brulpadda (algemeen); vgl. *Hij zwelt op als eene pad* (wordt rood van toorn) (Van Dale 1263); Lt. *Inflat se tamquam rana*, er bläst sich auf wie ein Frosch (Otto 294).

Ek voel so opgestop soos 'n Krismiskalkoen (na 'n groot maaltyd—opgeblaas).

So opgeblaas soos 'n stoomketel (Bloemfontein).

OPGEROL.

So opgerol soos 'n krimpvarkie (Vryheid, Standerton ens.); so opgerol soos 'n slang.

OUD.

So oud soos die Kaapse wapad (hardepad) (veral van oulike kinders gesê), vgl. Malh., bl. 283; vgl. Ndl. *Zoo oud als de weg naar Aken, de weg naar de Peel* (Welters 115), *zo oud als de weg* (gebouwen worden puinhopen door den tijd, andere dingen vergaan, maar de weg blijft liggen, schoon zij lang betreden is van wandelaars, die voorbij zijn) (Tuinm. 317); ook bekend in Fries en Duits.

„Het is zo oud als de weg van Rome (zeer oud, overbekend), of: *als de weg van Kralingen*. In dit dorp bij Rotterdam gelegen, vindt men een zeer ouden weg, die waarschijnlijk dagtekent uit den tijd der Romeinen. Vgl. nog Joos, 26: *zoo oud als de oude heirweg*. In Zuid-Nedl. zegt men gemeenlijk: *zoo oud als de straat*” (De C.—Gebr., bl. 258); A'damse dialek: *zoo oud als de weg van Jakatra Huet*—Lit. Fant. 15-201—De Vooy's); Fr. *Vieux comme les rues, les chemins* (St. 2-122).

So oud soos die berge, soos Tafelberg; vgl. Eng. *As old as the hills*; Ndd. *Hei is sau ält, as de Düringer Wäld, so ält als der bremer Wäld* (Eck. 9); Ndl. „Het huis is zo oud as de wereld” (Hildebrand—De. V.—Verz. Opst. 2-186).

So oud soos Metusalem (algemeen), in die meeste tale bekend (vgl. St. 2-122); Iets soortgelyks in Lt. *Pylio Nestore maior ero* . . . Er ist so ält wie Methusalem (Otto 242).

So oud soos my hande, maar nie soos my tande (algemeen); vgl. Hgd. *So ält wie mein kleiner Finger* (Sandv. 2); Ndd. *So ält as min klénste Finger* (Eck. 9).

So oud soos die ark (Bloemfontein); so oud soos Uilspieël se jongste broer, soos Krisjan wat van ouderdom dood is (Springbok), vgl. hfst. 2(h); so oud soos 'n skilpad (Ficksburg).

Afgelei van die verstrekte (intensiewe) vorm van die byv. nw. is: So oud soos horing (Bloemfontein); sô oud sôs stok (by die Griekwas—Rademeyer 106).

PAP.

So pap soos 'n lap; so pap soos 'n bondel wasgoed (Rustenburg); so pap soos dikmelk.

PARMANTIG. Vgl. ASTRANT.

So parmantig soos 'n broeis ganswyfie, soos 'n kapokhaantjie; stap so parmantig soos 'n pou.

So parmantig soos 'n geleerde kaffer (kyk ook by BRUTAAL).

PLAT.

So plat soos 'n pannekoek (algemeen); vgl. Ndl. *Zoo plat als een pannekoek* (De C.—Vr. 250, Ndl. Wdb. 11-328); Gron. *Plat as 'n pankouk* (Molema 166); Ndd. *So platt as en Pannekaue* (Eck. 410); Eng. *As flat as a pancake*; „Zo plat als een koek” (Joernaal van Wikar, bl. 36); Ndd. *So platt as en ald Aberkauk* (Eck. 410).

So plat soos 'n pennie; vgl. Ndl. *Zoo plat als een duit* (De C.—Gebr. 307), *plat gelijk een zesken* (bv. iemand zoo plat slaan als een zesken) (De C.—Gebr. 304).

So plat soos 'n plaat; vgl. sewentiende-eeus:— „Soo plat als een ijsere plaat” (Van Moerk. 407).

So plat soos 'n plank (van vrouens, vgl. ook plankborste). Vgl. Ndl. *Zij is zo plat als een scholletje*, haar borsten zijn niet ontwikkeld (Van Dale 1483).

So plat soos 'n padda, 'n platanna. „Outa skrik en lê sommer so plat soos 'n padda in dié modder” (O.K. 2-204).

So plat soos 'n uitgehongerde bosluis; vgl. Ndl. *Plat als eene luis* (Joos 20). Vgl. ook die volgende rympie:—

Al is die bosluis nog so plat,

Hy word ook eenmaal rond en glad.

So plat soos 'n wasklip, 'n kantoortafel (kyk by KOP, NEUS ens.).

PRESIES.

So presies soos 'n klasregister (Bloemfontein, Schweizer Reneke); vgl. Ndl. *Een hoofd hebben gelijk een register* (verstandig) (Joos 16).

So presies soos 'n masjien, soos klokslag (Carolina); vgl. SEKUR.

RATS.

So rats soos 'n kat (soms ter wille van die rym: **so rats soos 'n kats**), soos 'n meerkat; vgl. Ndl. *Rap als eene kat* (Joos 20); Fr. *Agile comme une bacoulette* (Elsbet Schott, bl. 67).

So rats soos 'n ribbok (vgl. hfst. 3(d)).

REG.

So reg soos 'n roer (algemeen); „Soo wis as Gijsjens roer, je macher op betrouwen” (uit 'n sewentiende-eeuse klug) (Van Moerk. 169).

So reg soos reent, soos winterreëns; vgl. Eng. *As right as rain*.

So reg soos water (Bloemfontein) (veral in verband met iemand se politieke gesindheid).

REGOP.

So regop soos 'n kers (algemeen); vgl. Ndl. *Hij loopt zoo recht als een kaars* (Welters 96); Gron. *Loopen as 'n keers* (Bergsma, Molema 531); „Hij zit recht als een kaars” (Kinderen van ons Volk, bl. 103).

So regop soos 'n stok, 'n paal; vgl. Ndl. *Hij is zoo recht als een tuinstak* (Harreb, 2-294); Gron. *Steil* (d.i. rechtop) *as 'n pen, paol, baok* (Bergsma 21), *zoo recht as 'n spieker* (Molema 166).

So regop soos een wat 'n laaistok ingesluk het (Kranskop, Paarl, Porterville) (beter bekend: *loop asof hy 'n laaistok ingesluk het*). Vgl. Malh. bl. 249.

Hy loop so regop asof hy 'n besemstok ingesluk het; vgl. Ndl. *Hij lopt zoo stief of hij 'n bessemstok deursloken het* (Gron.: housterig, stijf) (Molema 31); Hgd. *Er sieht aus, als wenn er ein Lineal verschluckt hätte* (Wander 1-198), *er geht, als hätte er einen Degen (eine Ladestock) verschluckt* (sehr steif) (Frischb. 226). Vgl. ook Mansvelt (bl. 92): laaistok zegt men schertsend van een lang, schraal mensch.

So regop soos 'n sipresboom, so regop soos 'n stroopblik op 'n kombuistafel (Moorreesburg); ironies: *hy loop so regop soos 'n hoepel*.

REGUIT.

So reguit soos 'n kers (ook onder die Boere in Argentinië), vgl. REGOP.

Iets trek so reguit soos 'n koeël, 'n pyl. Hy gaan pylreguit hel-toe; vgl. Ndl. *Recht naar de helle gaan gelijk een puit naar de gracht of den poel* (Joos 20).

Ironies: So reguit soos 'n hond se agterbeen; vgl. Ndl. *Recht als een rechte verkensteert* (sch.) (Joos 20).

Hy loop reguit soos 'n sleggelaaide kruwa; vgl. Ndl. *Zoo recht as 'een schele jongen zien kan* (Boeken. 812).

REIN.

So rein soos 'n duif (algemeen), ook Ndl. en Duits; vgl. Ndd. *He es so rein as en Duw* (Tauben) (Eck. 429); Lt. *Issa est purior oscula columbae* (Otto).

So rein soos 'n pasgebore kind, ook Ndl. Hgd. *Kein wie ein Neugeboren Kind, wie ein neugeboren, unabgelecktes Kalb* (Wander 3-1639).

So rein soos 'n diamant, 'n pêrel; vgl. Hgd. *Rein wie eine Perle* (Wander 3-1638); ook Nederlands, vgl. Joos 21.

So rein soos sonskyn; vgl. Hgd. *Sie ist rein wie die Sonne am Himmel* (Wander 3-1638).

ROF.

So rof soos 'n rasper, soos 'n bees se tong. Vgl. Ndl. *Zoo rouw as een varken* (zeer ruw en hard) (Boeken. 1353).

ROND.

So rond soos 'n koeël (beter bekend: koeëlrond); vgl. Ndl. *Zoo rond as 'en kœgel* (Boeken. 475).

So rond soos 'n bottel (van vet vee gesê); so rond soos 'n hond (Bloemfontein) (rymdwang).

So rond soos 'n appel, soos 'n wiel, 'n hoepel; vgl. Ndl. *Rond als een brood, een appel, een ring, een wiel, een bol, een ei* (Joos 20); Gron. *Rond as 'n siepel* (ui) (Molema 166).

ROOL.

So rooi soos bloed (algemeen), soos 'n kool vuur, soos die hel; vgl. Ndl. *Rood als bloed, een kool vuur, een gloeiende stoof; hij was zoo rood alsof hij de helle geblazen had* (Joos 21); sewentiende-eus:— „soo root als een kettingh bloet kraken” (Van Moerk., bl. 470).

„Zoo rood as een vuurtoren” (Bartje, bl. 47); „Rood gelijk een oven” (Pallieter 97).

So rooi soos 'n kalkoen (algemeen); vgl. Ndl. *Rood als een kalkoensche haan* (St. 1-292); Vls. *Zoo rood as nen hane* (zeer rood) (Teirl. 1-14); Hgd. *Puterrot*; Fr. *Rouge comme un coq*; Eng. *As red as a turkey-cock*.

„So rooi soos 'n kalkoen" (O.K. 1-252).

So rooi soos 'n kersie, 'n appel, 'n granaatpit; ook Ndl. vgl. Joos; Gron. *Rood as 'n karse* (Molema 527).

„Rood gelijk een kers" (Pallieter 62).

So rooi soos beet; vgl. Ndl. *Hij ziet zoo rood als eene kroot* (Van Dale 888).

So rooi soos 'n vlooi (begripsjuistheid opgeoffer aan die rym-lus, vgl. hfst. 2(b) (i)).

So rooi soos 'n tannie wat 'n warm bakdag gehad het (Bloemfontein, Reddersburg).

„So rooi soos 'n Engelsman se nek as hy die heeldag met 'n oopkar in die brandende son gery het" (O.K. 2-158). Vgl. die bynaam rooinek vir 'n Engelsman.

ROU.

So rou soos 'n riem (algemeen); sy keel is so rou soos 'n makou (hees).

RUSTELOOS.

So rusteloos soos 'n hoenderhen wat nes soek; . . . soos 'n swerm bye, soos 'n mier, 'n muskiet, 'n vlooi. Vgl. Ndd. *He is so wrantery* (unruhig) *as en Pott vull Lusén* (Eck. 576).

RUSTIG.

So rustig soos 'n kerkhof, soos 'n someraand.

Hy sit so gerus as 'n muis op 'n brood (zeft men van iemand, die vast te paard zit) (Mansvelt 107). Nou verouderd.

Ironies: So rustig soos 'n by; vgl. Hgd. *Sie ist ruhig wie eine Fliege im Ohr*; Eng. *She is as quiet as a wasp in one's nose* (Wander 3-1767).

RYK.

So ryk soos 'n Jood, 'n koning; vgl. Ndl. *Rijk als een smous* (Joos 20); Hgd. *Reich wie eine Jude, wie der griechische Kaiser* (Wander 3-1611).

So ryk soos Salomo (ook onder die Boere in Argentinië); vgl. Hgd. *So reich wie Rothschild* (Wander 3-1610).

So ryk soos 'n regter (deur die rym bevorder); vgl. „Zo rijk as de burgemeester" (Boefje, bl. 61).

„So ryk soos 'n koning" (Von W.—J. Platjie, bl. 192).

So ryk soos die see; vgl. Ndl. *Zoo ryk als 't water van de zee* (St. 1-254), *hij is zo rijk, als 't water diep* (Tuinm. 2-137); „Zoo rijk as de zee diep is" (Pallieter, bl. 139).